



MNR. MARK ANDERSON (middel) langs die Kamfersdam buite Kimberley waar sowat 9 000 kleinflaminkke die afgelope somer op 'n kunsmatige eiland uitgebroei het. By Anderson is mnr. Peter Hohne (links) en Herbert Booth, twee van sy vriende wat saam met Anderson 'n sleutelrol gespeel het om die eiland te bou.

FOTO: NEELS JACKSON

# Geskorste voëlkundige kry hoë pos

## Anderson word Birdlife SA se nuwe uitvoerende direkteur

### ■ NEELS JACKSON

PRETORIA. – Birdlife SA kry binnekort 'n nuwe uitvoerende direkteur – een van die land se mees gerespekteerde voëlkundiges wat pas op omstrede wyse deur sy huidige werkgewer geskors is.

Mnr. Mark Anderson aanvaar die pos by Birdlife op 1 Oktober. Hy was die groot dryfveer agter die bou van 'n kunsmatige eiland in die Kamfersdam buite Kimberley wat tot die vestiging van slegs die vierde broeikolonie van kleinflaminkke ter wêreld aanleiding gegee het.

Anderson is tans 'n voëlkundige by die Noord-Kaapse departement van toerisme, omgewing en bewaring.

Hy en twee kollegas, mnr. Julius Koen en Eric Hermann, is vandeesweek onverwags deur hul departement geskors. Anderson se volgens die brief wat aan hulle oorgehandig is, is dit vanweë hul betrokkenheid by Red die Flaminkke, 'n veldtog waarby hulle in hul vrye tyd en met die instemming van hul regstreekse hooftreke betrokke was.

Presies wat die klagte teen hulle gaan wees, weet hulle nie, maar na sy wete was daar geen departementale beleid of opdragte wat hulle oortree het nie.

Bespiegelinge wil dit hé dat die departement geswig het onder druk om 'n nuwe ontwikkeling na te volg by die Kamfersdam toe te laat en dat die drie se teenkanting daarvan

die rede vir hul skorsing sou wees. Anderson sé egter hul veldtog was nie eens teen die ontwikkeling gemik nie, maar teen die riool wat in die Kamfersdam invloei en die flaminkke bedreig.

Kort nadat die nuus van Anderson se skorsing bekend geraak het, het dit ook aan die lig gekom dat hy die pos by Birdlife aanvaar het. Anderson sé hy het reeds voor die skorsing sy base ingelig dat hy gaan bedank. Hy is jammert vir sy twee kollegas wat nie soos hy 'n ander uitweg het nie.

Hy volg dr. Gerhard Verdoorn op wat vroeër vanjaar by Birdlife bedank het. Anderson sé hy sien uit daarna om Birdlife te help uitbou tot een

van die voorste omgewingsorganisasies ter wêreld.

Hy wil Birdlife se bewaringsfunksie uitbou, goeie verhoudings met ander ntergeringsorganisasies vestig en ook die verhouding tussen Birdlife en professionele voëlkundiges uitbou.

Wat sy skorsing betref, sé Anderson dat hy die afgelope week honderde boodskappe van steun gekry het van topmense in die bewaringswêreld tot by gewone voëlkykers.

Me. Patience Mokthali, hoof van die departement wat Anderson geskors het, wou nie gister mondelings op navrae reageer nie.

Teen spertyd gistermiddag het hulle ook nog nie op skriftelike navrae gereageer nie.